# Die 19de-eeuse Nederlandse skoolstryd in 'n filosofiese en ideologiese kragveld[1]

J.L. van der Walt
Departement Fundamentele Opvoedkunde
Potchefstroomse Universiteit vir CHO
POTCHEFSTROOM

**Abstract**

*During the 19th century the history of education and schooling in the Netherlands was characterized by a struggle by various religious and church groups for the freedom to erect and support own schools. This history also included the struggle to obtain equal financial support for these 'particular' schools. The course of the struggle was largely determined by the philosophies, ideologies and commitments of the various participants in the struggle. These philosophical/ideological positions entailed mainly the following: Enlightenment thinking (Rationalism in its various forms), Deism, Romanticism, revolutionary thinking, Classical Humanism, Socialism, Modernism, the Réveil (re-awakening), and ethical thinking. In this article each of these philosophical/ideological positions is briefly outlined and its impact on the education struggle and the personalities involved is indicated.*

## 1. Inleiding en probleemstelling

'n Histories-opvoedkundige ontleding van die 19de-eeuse skoolstryd in Nederland bring verskeie fasette van die gebeure na vore. So, byvoorbeeld, kom veral die rol van 'n aantal figure in perspektief, soos dié van J.J.L. van der Brugghen, G. Groen van Prinsterer en A. Kuyper. Ook opvallend is die rol wat verskillende filosofiese, respektiewelik ideologiese standpunte op die agtergrond van die stryd speel. Die bewering sou trouens gemaak kon word dat die stryd om die vrye (*bijzondere*) skool, en die stryd om die finansiële gelykberegtiging vir hierdie skool, hom afgespeel het in die kragveld tussen hierdie filosofiese strominge en die ideologiese standpunte wat in die Nederland van die 19de eeu die toon aangegee het.

1 **Erkenning**: Hiermee word die bydraes van drs. E. Blaauwendraat, drs. I.A. Kole (albei van De Driestar, Gouda, Nederland) en van drie anonieme keurders tot die samestelling van hierdie artikel erken.

Die Nederlandse skoolstryd van die 19de eeu is in die verlede reeds in besonderhede beskryf (vgl. Gilhuis, 1975); daarom sou dit geen sin hê om dit weer te probeer skets nie. Hierdie artikel het dus ten doel om die hipotese te ondersoek dat die verloop van die stryd om die vrye besondere skool bepaal is deur die filosofiese/ideologiese kragveld waarbinne dit afgespeel het. Om hierdie hipotese te toets is die probleem van ondersoek soos volg geformuleer:

* Watter filosofiese/ideologiese kragte het tydens die skoolstryd 'n rol gespeel?
* In welke formasie was hierdie filosofiese/ideologiese kragte ten opsigte van mekaar opgestel?
* Hoe en in welke mate is die skoolstryd se verloop bepaal deur die kragveld wat as gevolg van hierdie opstelling tot stand gekom het?

Die volgende ondersoekmetode is toegepas om hierdie probleemkompleks te benader en bygevolg die navorsingshipotese te toets. Deur middel van literatuurstudie en die toepassing van die probleem-historiese metode is die onderskeie filosofiese/ideologiese strominge en kragte wat in die verloop van die 19de-eeuse skoolstryd 'n rol gespeel het, geïdentifiseer. Die dinamiese werking van hierdie kragte op die gedagtes van 'n aantal rolspelers in die skoolstryd is in die proses nagegaan, en daar is vasgestel hoe die verskillende kragte ten opsigte van mekaar geposisioneer was en derhalwe 'n kragveld tot stand laat kom het waardeur die verloop van die skoolstryd bepaal is. Hierdie werkwyse het nie 'n samehangende chronologiese beeld van die verloop van die skoolstryd tot gevolg nie, maar wel 'n beeld van die vermelde filosofiese/ideologiese kragveld.

Die ondersoek is uitgevoer om insig te verkry in die werking van hierdie filosofies-ideologiese magte in die bepaling van die lewensbeskoulike karakter van die (openbare) skole. Hierdie insigte mag belangrik wees in 'n moontlike stryd om die Christelike skool in die toekomstige Suid-Afrika. Enkele gedagtes word aan die einde van die artikel hieraan afgestaan.

## 2. Die kragveld: 'n tipering

'n Ontleding van die verloop van die skoolstryd in die 19de-eeuse Nederland bring na vore dat die samelewing waarin hierdie stryd hom afspeel, aanvanklik nog byna homogeen was in terme van die Christelike lewens- en wêreldbeskouing wat gehuldig is. Dit blyk egter tegelyk óók dat die sekularisme en die humanisme, wat met die uitbreek van die Franse Rewolusie aan die einde van die 18de eeu tot 'n hoogtepunt gekom het, hulle intrede in die samelewing, die werk en die denke van die 19de-eeuse Nederland gemaak het, en selfs die denke en optrede van sekere Calvinistiese Christene beïnvloed het. Neo-Calvinistiese denkers soos G. Groen van Prinsterer en A. Kuyper, wat hulle ondubbelsinnig op die Skriftuur-

like standpunt gestel het in hulle denke oor die reformatoriese skool en sy plek in die Nederlandse skoolwese, kan onderskei word, maar teenoor hulle staan daar 'n aantal figure wat wel in 'n algemeen-Christelike tradisie gestaan het, dog beïnvloed is deur die sekularisties-humanistiese invloede van die tyd.

In die volgende afdelings sal kortliks aangetoon word in welke mate en op watter wyse figure soos G. Groen van Prinsterer en A. Kuyper hulle op Skriftuurlike (Neo-Calvinistiese) beginselgrondslag probeer stel het in hulle ywer vir die vrye Christelike skool. Vervolgens sal aangetoon word dat 'n figuur in die skoolstryd – soos J.H. van der Palm – beïnvloed is deur die Verligtingsdenke wat reeds uit die 17de eeu dateer. Hierna sal beskryf word hoedat die Romantisisme en die deïsme die denke van sommige Christen-onderwysmense binnegesluip het. Dieselfde sal gedoen word ten aansien van die sogenaamde rewolusionêre denke wat in die 19de-eeuse Nederland hoogty gevier het, met die klassiek-humanistiese denke en die Sosialisme wat skering en inslag gevorm het van die tydgees. So ook sal die denke van uitgesproke Christendenkers wat op bepaalde punte bepaal en gerig is deur strominge binne die reformatoriese kerke, soos die Modernisme, die eties-ireniese denkrigting en die Réveil nagegaan word.

Die spel van al hierdie filosofiese/ideologiese kragte vorm die saamgestelde kragveld waarbinne die skoolstryd in die 19de eeu plaasvind. Die dinamika en werking van hierdie kragveld blyk des te duideliker indien ingegaan word op enkele uitsprake van sleutelfigure in die skoolstryd.

## 3. G. Groen van Prinsterer en A. Kuyper as eksponente van die Neo-Calvinisme

Guillaume Groen van Prinsterer (1801-1876) en Abraham Kuyper (1837-1920) is twee verteenwoordigers van die reformatoriese denke in Nederland in die 19de eeu. Vir hulle – en in die 19de eeu nog vir 'n groot sektor van die Nederlandse kultuur, insluitende die besinning oor die onderwys – was die grondgedagtes van die Calvinisme, onder andere die erkenning van die soewereiniteit van God oor alle lewensgebiede, nog volkome aanvaarbaar. Van Prinsterer (1868:333) sê byvoorbeeld: "Niet in het rijk der bespiegelingen ener hoogdravende wijsheid ligt de oorsprong dezer levensfontein, maar aan den voet der kruispaal, door de barmhartigheid van God onzen Zaligmaker tot levensboom gemaakt." Hy pas hierdie oortuiging toe op byvoorbeeld die staat: "Men wist, dat de Staat niet van menselijk maaksel, maar van goddelijke instelling is" (Groen van Prinsterer, 1868: 46).

Kuyper ontleen sy beskouing dat rewolusionêre gedagtes op alle lewensterreine bestry behoort te word direk aan Groen van Prinsterer. Volgens hom mag geen duimbreedte van die menslike lewe aan die heerskappy van God onttrek word nie. As hy byvoorbeeld oor die huisgesin handel, sê hy: "... het huisgezin valt als

een kaartenhuis uit elkaar, zodra ge ophoudt het in rechtstreeksch verband te beschouwen met den levenden God" (Kuyper, 1880:62). Tien jaar tevore (Kuyper, 1870:15) sê hy onomwonde in die Parlement: "Wij hebben een beginsel: den Christus." Hy sluit hierdie toespraak met die volgende woorde af: "Geen geschut noch zijd-geweer baat u, zoo ge uw volk vervreemd van zijn God" (Kuyper, 1870:19). Elders (Kuyper, 1870:13) sê hy: "Het Christendom leert den mensch God zoeken als het hoogste goed."

Kuyper se hoofbron van besieling was die denke van Calvyn en laasgenoemde se 17de-eeuse volgelinge. Die hoofkontoere van sy visie het hy oor 'n tydperk van 'n halwe eeu uitgebou tot 'n beskouing wat hy self dié van die Neo-Calvinisme genoem het (Botha, 1987:136-137).

Groen van Prinsterer en A. Kuyper se beskouinge oor die skool kan begryp word in die lig van hulle erkenning van die absolute soewereiniteit van God oor elke faset van die skepping. Groen van Prinsterer stel hom byvoorbeeld aanvanklik op die standpunt dat alle (openbare) skole volkome Christelik behoort te wees (Groen van Prinsterer, 1856:67)

Later, as dit duidelik word dat hierdie ideaal nie verwerklik sal kan word nie, dring hy aan op die vryheid van bestaan van die Christelike/reformatoriese skool. Hy meen op hierdie stadium dat Christelike onderwys nie op lewensbeskoulike gemengde skole moontlik is nie, en vervolg: "... nu de proefneming van eene halve eeuw toont dat de gedwongen vereeniging óf naar een dor deïsme óf naar de godsdienstloze school leidt, laat nu althans de mogelijkheid der afzonderlijke scholen, de facultatieve splitsing, opgenomen worden in de wet" (G. van Prinsterer, 1956:6-7). In die volgende jaar bou hy op hierdie argument voort:

> Als het staatsonderwijs neutraal, zoo niet erger dan neutraal is, dan moet er, ... eene gewijzigde, eene omgekeerde verhouding tusschen openbare en bijzondere onderwijs zijn. Dan moet aan de neutrale school geen voorrang worden verleend (...). Dan mag de neutrale school niet zijn het ideaal, het model waarvoor de gemeente haar financiën uitput ... Herziening van de wet dus ... om daaruit te ligten de vijandige strekking ... tegen christelijken scholen ... (Groen van Prinsterer, 1867:2-3).

Ook Kuyper beywer hom vir die vryheid van bestaan van die *bijzondere* Christelike skool. In 1909 onthou hy:

> Bij ons (Calvinisten) stond toen het schoolbelang op de voorgrond, en nog klinkt mij de drang in de ooren, die toen uitging, om onze kracht te concentreeren in een schoolpartij, die ... slechts op één doel, de vrijmaking van de school, zou afgaan ... (Kuyper, 1909:14).

## 4. Die invloed van die Réveil op Groen van Prinsterer

Die Réveil was 'n evangeliese herlewing wat omstreeks 1820 na vore kom, en wat sy ontstaan in Engeland gehad het (Langley, 1989:1). In Nederland het die Protestantse herlewing wat bekend staan as die Réveil, en wat terugslaan op die Nederlandse piëtisme en die Geneefse ontwaking van die 17de en 18de eeue, die vorm aangeneem van "spiritualiteit met 'n piëtistiese inslag" (De Jong, 1989:167). Die leiers van die Réveil was vooraanstaande en aristokratiese persone soos die belangrike skoolstryd-figure Groen van Prinsterer en J.J.L. van der Brugghen (Kuiper, 1904:64; Schutte, 1989:15). Uit die Nederlandse Réveil van die 19de eeu spruit later die wêreldbeskouing van die Neo-Calvinisme voort, met A. Kuyper as die geestelike vader daarvan (Schutte, 1989:37). Belangrike eksponente van die Réveil het hulle veral bekommer oor die verstardheid van die kerk en van die onderwys. Hulle wou in die kerk en die onderwys nuwe geestelike lewe blaas: dinge soos persoonlike bekering, 'n ware geloof en godsdienstige ywer was vir hulle van die uiterste belang. So wou hulle die formalisme in sowel die kerk as die skool uit die weg ruim (Van Brummelen, 1986:21-22, 26).

Die volgende uitsprake van sowel Groen van Prinsterer as van J.J.L. van der Brugghen onderstreep die belangrikheid van hierdie ideaal vir hulle albei. Van Prinsterer (1855:60) sê byvoorbeeld:

> De Hervormde Kerk moet worden vrijgemaakt van het juk waaronder de zamenspanning van politiek en kerkelijk liberalisme haar gebracht heeft. Het is de zamespanning waardoor ze, aan de vrijzinnigheid ten prooi, tegenover Rome machteloos worden. Deze vrijmaking kan alleen door geloofsherleving wordt bereikt.

Van der Brugghen (in 'n ongepubliseerde werk, *in* Kalsbeek, 1963:187) sluit hierby aan:

> Het wezen van het geloof is: de volstrekte verbondenheid met en gehoorzaamheid van God. Dit geloof is de daad van de menslijke persoonlikheid, ook al geldt onverkort dat het geloof gave Gods is (...) Het geloof immers heeft God van harte lief, ... Dat is het evangelisch beginsel, de inwendige vernieuwing des harten, van den wil, den zetel der persoonlijkheid, door mededeling van boven uit God, door geloof, tot inwendige heiligheid, waarheid, liefde.

Hoewel hierdie twee persone die sentimente en die ideale van die Réveil met mekaar gedeel het, skei hulle weë later en word hulle bittere vyande in die skoolstryd. Die rede daarvoor lê opgesluit in die feit dat Van der Brugghen (1804-1863), anders as Groen van Prinsterer, ook 'n aanhanger van die etiesireniese denkrigting was.

## 5. Die eties-ireniese denkrigting by J.J.L. van der Brugghen

Die eties-ireniese denkrigting vorm as't ware 'n onderdeel van die Réveil, maar word nie deur Groen van Prinsterer gevolg nie, dog wel deur J.J.L. van der Brugghen. Dit bring mee dat hulle teen 1857 teenoor mekaar te staan kom. Vanweë sy eties-ireniese oortuigings lê Van der Brugghen meer klem op die Christen se persoonlike bekering en gedrag as wat Groen van Prinsterer bereid was om te doen. Van der Brugghen (in 'n ongepubliseerde werk, *in* Kalsbeek, 1963:187) sê byvoorbeeld: "De mens zou niet tot geloof komen, wanneer God hem daartoe niet inspireerde en vrijmaakte. *Maar de mens kiest* ...". (kursivering – J.L. v.d.W.)

Van der Brugghen plaas meer klem op die plek en rol van die Christen in die onderwys as Groen van Prinsterer; hy plaas nie so 'n hoë premie op Christelike strukture, soos die Christelike (reformatoriese) skool nie. Hy het bloot ortodoksleerstellige onderwys in die skole bepleit. Anders as Groen van Prinsterer gee hy die ideaal van die Christelike openbare skool prys, en in ooreenstemming met die Thorbecke-grondwet van 1848 erken hy in die onderwyswet van 1857 die reg en vryheid van bestaan van die besondere (waaronder die Christelike) skole naas die openbare skole. Hieroor is Groen van Prinsterer diep teleurgesteld in sy kollega aangesien Groen Van Prinsterer nog die ideaal van die Christelike openbare of staatskool gekoester het. Sy teleurstelling lei tot sy bedanking uit die Parlement.

Van der Brugghen se eties-ireniese standpunt lei ingevolge wetgewing wat hy in die Parlement deurvoer tot die godsdienstige gemengde of heterogene openbare of staatskool in Nederland vanaf 1858. Hierdie tipe skool is 'n skool wat in die algemeen wil opvoed en vorm tot Christelike deugde maar wat niemand in die proses wil aanstoot gee deur enige unieke leerstellige beskouing te verkondig nie (Schutte, 1977:128). Groen van Prinsterer se teenstand teen die eties-ireniese denkrigting is na sy verdwyning van die politieke terrein voortgesit deur Gunning, Beets, Chantepie de la Saussaye en, na 1872, deur die vermelde A. Kuyper (Gilhuis, 1976:7; Smit, 1986:5; Schutte, 1977:132). Hulle kon hulle nie versoen met die strewe van die eties-ireniese rigting om slegs Christelike en maatskaplike deugde in die onderwys na te streef nie. Hulle was met niks minder tevrede as die totale herkerstening van die openbare skool nie, soos blyk uit die volgende woorde van A. Kuyper: "... de eenig mogelijke consequentie (is) deze: bestrijd dan die Staatsschool, en duld ze alleen als correctief. Van deze ure af is uw strijd tegen de Staatsschool de mijne" (Kuyper, 1870:9) (In hierdie uitspraak rig Kuyper hom tot die konserwatiewe pers van die tyd wat ook die liberale staatskool bestry het.)

## 6. Die Modernisme

Die toenemende sekularisering van die 19de-eeuse Nederlandse samelewing het hom in die kerklike lewe (Smitskamp, s.a.:15), wat indertyd nog as belangrik beskou is, gemanifesteer in die vorm van die Modernisme. Langs kerklike weg het die Modernisme 'n uitwerking gehad op die denke oor die opvoeding, die onderwys en die skoolwese. Sover vasgestel kon word, was nie een van die hooffigure in die skoolstryd 'n voorstander van die Modernisme in die skole of die onderwys in die algemeen nie. Tog is die Modernisme 'n belangrike krag in die 19de-eeuse skoolstryd aangesien dit invloed gehad het op geestelike en filosofiese/ideologiese terrein (Schutte, 1977:111, 117).

Die Modernisme werk indirek die sekularisering van die openbare skool in die hand, en vind op hierdie wyse aansluiting by die rewolusionêre gees van die tyd (kyk 7 hieronder) en by die eties-ireniese denkrigting (kyk 5 hierbo). Die Modernisme openbaar die neiging om te breek met die beginsels van die Reformasie van die 16de eeu. Dit openbaar ook 'n sug na nuwe dinge in die plek van die ou gereformeerde ortodoksie ('n 'nuwe' dogmatiek en 'n 'nuwe' soort eksegese is byvoorbeeld bepleit; in die kategese is die evolusieleer van Darwin verkondig, en die rede het die toetssteen vir die waarheid geword; God het bloot 'n 'Opperwese' geword) (vgl. D'Assonville, 1986:11-12, Smit, 1986:5; Schutte, 1989:28).

Die Modernisme het dus as krag in die maatskaplik-kerklike omgewing waarin die stryd om die Christelike openbare skool plaasgevind het, 'n belangrike rol gespeel. Sy rol was die versterking van die optrede van openbare (politieke) figure wie se denkrigtings op die duur sou lei tot die sekularisering van die openbare skool. Onregstreeks was dit egter ook 'n spoorslag vir ander belangrike figure om hulle te beywer vir die vryheid van die besondere (w.o. Christelike) skool.

## 7. Die rewolusionêre denke van die 19de eeu

Die Modernisme is 'n uitvloeisel van die algemene rewolusionêre gees van die tyd. Die Verligting, in sy vroeë rasionalistiese gestalte (Descartes, Locke, Leibnitz, Spinoza en andere), sowel as in sy romantisistiese (Rousseau, Pestalozzi, Von Rochow en andere) en sy deïstiese vorm (in Christelik kringe), loop in Frankryk en omliggende lande uit op 'rewolusionêre denke' – so genoem vanweë die Franse Rewolusie waarin al hierdie denkrigtings gekulmineer het. Hierdie vorm van denke vind wyd inslag in 19de-eeuse Nederland, maar wek tegelyk ook sterk weerstand in die denke van anti-rewolusionêres soos Groen van Prinsterer en A. Kuyper (Golverdingen, 1987:149). Die volgende uitspraak van Groen van Prinsterer (1868:21) laat iets deurskemer van die trefkrag van die rewolusionêre denke op die samelewing en die denke van die tyd:

> Met Revolutie bedoel ik ... de omkering van denkwijs en gezindheid, in geheel de Christenheid openbaar. Met revolutie-begrippen heb ik het oog op de grondstellingen van vrijheid en gelijkheid, volkssouvereiniteit, maatschappelijk verdrag, conventionele herschepping, welke men als de hoekstenen van staatsrecht en staatsgebouw vereert (...) ... de Revolutie (is) het gevolg der revolutie-leer en die leer het gevolg van evangelie-verwerping (Groen van Prinsterer, 1968:333).

Sy medestander Kuyper (1880:43) sluit hierby aan:

> Oorzaak van al den jammer, waar Europa en Amerika onder gebukt gaan, is de Revolutie. De revolutie beteekent: de omwenteling in de begrippen en levensverhoudingen, waardoor God naar onder is gekomen en de mensch boven op.

Die rewolusionêre denke is gekenmerk deur 'n humanisties-liberalistiese opvatting van die vryheid van die mens, een wat teen die Bybelse opvatting van die vryheid van die mens (Gal. 5:13) ingedruis het (Goudzwaard, 1977:9). Die rewolusionêre denke lei verder tot die voltrekking van die skeiding tussen staat en kerk, en vanweë die noue band tussen die staat en die (openbare) skole/onderwys, word die skeiding ook deurgevoer tussen die kerk en die skool (Vogelaar & Bregman, 1984:39).

Groen van Prinsterer het hom skerp hierteen uitgespreek. Die volgende standpunte uit sy werk *Ongeloof en revolutie* (1868) toon hoe hewig sy kritiek op die rewolusionêre denke was. Hy noem die nuwe ideologie die humanisme van die skeptisisme (Groen van Prinsterer, 1868:172) – 'n denkrigting wat hy naspeur vanaf die Griekse sofiste tot by die Verligtingsdenke van sy eie tyd (Groen van Prinsterer, 1868:34-35). In laasgenoemde, betoog hy, is al die ongeloofsdenke saamgevoeg tot 'n sekulêre lewensvisie geformuleer deur denkers soos Rousseau en Voltaire. Die konsekwente uitwerking daarvan vind volgens hom plaas in die Franse Rewolusie van 1789, en daarop volg na sy oordeel die volslae sekularisering van die Westerse samelewing (Groen van Prinsterer, 1868:284-285). Die sekularisme, as die filosofie van die ongeloof, was vir hom die kern van die rewolusie. Die rewolusie was die ontwikkeling van totale skeptisisme, waarby God se Woord en wet tersyde gestel is (Groen van Prinsterer, 1868:333). Die narewolusionêre Napoleontiese era is vir hom gekenmerk deur geestelike en sosiale onsekerheid. Die radikalisme en die liberalisme van die tyd het hy beskou as twee takke van dieselfde boom (Groen van Prinsterer, 1868:289).

Teen die rewolusionêre denkstroom van sy tyd in, beywer Groen van Prinsterer hom vir die verkryging van die vryheid om Christelike onderwys te kan aanbied (Langley, 1989:9-11). In dié stryd staan hy teenoor die politikus Thorbecke, wat homself uitdruklik verbind het aan die beginsels van die rewolusie (Colyn, s.a.: 12). Groen van Prinsterer was nie gediend met die rewolusionêre neiging tot die

omkering van beginsels en waardes en die neiging om willekeurige norme en waardes die grondslag te maak van staat, maatskappy, reg en waarheid nie (Groen van Prinsterer, 1868:322-3). Hy verwerp dus enige vorm van denke wat opstand teen God (rewolusionêr) is, en wat die mens die maatstaf van alles maak (Smitskamp, s.a.:25 e.v.; Schutte, 1977:53).

Die rewolusionêre denke het veral in die openbare skool sy tol geëis: die gereformeerde geloofsleer kon nie meer in die skool geld nie, maar wel 'n Christendom bo geloofsverdeeldheid. Slegs waarhede waarmee geen Christen sou verskil nie, kon onderrig word (Schutte, 1977:73-4). Omdat die staat 'neutraal' moes bly om gestalte te kon gee aan die algemene volkswil moes die skool ook lewensbeskoulik 'neutraal' wees, en slegs op daardie waarhede konsentreer waaroor almal eenstemmig was. Daar is vasgehou aan 'n Christendom bo geloofsverdeeldheid in die skole, en die gevolg was dat 'n lewensbeskoulik gemengde openbare skool, "de Christelijk-gemengde school met een algemeen christelijk-paedagogisch onderwijs ..." (Groen van Prinsterer, 1857:11), in Nederland aan die begin van die 19de eeu tot stand gekom het (Wouters & Visser, 1926:270, 278).

Teen hierdie soort skool, as produk van die rewolusionêre denke, verset Groen van Prinsterer hom, aanvanklik deur op die Christelike openbare skool aan te dring. As dit blyk dat hy hierdie stryd nie meer kan wen nie, verander hy sy strategie en dring op die vryheid van die besondere Christelike skool aan, en tegelyk op die volslae sekulêre karakter van die openbare skool.

Ook Kuyper (1898:169) verset hom teen die rewolusionêre denke, en sluit in die proses aan by Groen van Prinsterer:

> In the French Revolution a civil liberty for every Christian to agree with the unbelieving majority; in Calvinism, a liberty of conscience, which enables every man to serve God according to his own conviction and the dictates of his own heart.

Hy bou ook voort op Groen van Prinsterer se latere standpunt oor die vryheid van die besondere (Christelike) skool as hy die vernietiging van die staatskool verwelkom. As dit gebeur, kan die besondere skool "weer vryer asemhaal" (Kuyper, 1870:15).

## 8. Die Verligtingsdenke

Soos reeds uit die vorige afdeling blyk, stoel die rewolusionêre denke op die Verligting, wat in die 19de-eeuse onderwys in Nederland uitloop op 'n optimistiese humanistiese en liberalistiese mensbeeld (die wesenlik goeie mens) (Blaauwendraat, 1987:30; Schutte, 1977:73; Van der Zwaag, 1981:24). Die Verligtingsdenke gaan van die veronderstelling uit dat die mens hom kan laat lei deur

die lig van die rede. Die skool/onderwys moes derhalwe die leerlinge lei om *rede*-like en verligte Christene te wees, en om 'n rede-like Christelike godsdiens te beoefen (Golverdingen, 1987:143). Die Kantiaanse vorm van die Verligting bring verder 'n breuk met die metafisiese, en maak die mens se rede die maatstaf vir gedrag. Die redelike mens is outonoom (self-wetgewend) (Velema, 1987: 211). Omdat die Verligting tot gevolg het dat die mens losgemaak word van transendente binding, lei dit tot die sekularisasie van die mens en sy samelewing (Kalsbeek, 1977:17; Smitskamp, s.a.:28). Die Verligting bring 'n oppervlakkige morele besef in die onderwys tuis (Van Brummelen, 1986:13), en lei gevolglik tot die opvatting dat die onderwys hoofsaaklik daarop gerig is om deugde by die leerlinge tuis te bring (Kuyper, 1870).

Die Verligtingsdenke beklemtoon voorts die ideaal van die breë algemene ontwikkeling van die mens (vandaar die ontstaan van die volksonderwys in die 19de eeu). Die waarde van die onderwys lê in die verdrywing van onkunde, en in kennis as grondslag van deug (Vogelaar & Bregman, 1984:16). Omdat die Verligtingsdenke nie heeltemal inslag kon vind in die Christelike Nederland van die 19de eeu nie, is die doel vir die laer onderwys soos volg geformuleer: die opleiding van leerlinge "tot alle Christelike en maatskaplike deugde" (vgl. Schutte, 1977:8). Die Verligtingsgedagte dat, hoewel die mens se rede outonoom is, daar dinge is wat die volkome deug en sedelikheid van die mens in die weg kan staan, het by die destydse Calvinistiese Nederlanders inslag gevind: daar is begin glo dat die mens deur sy eie pogings 'n deugdelike lewe kon lei. Op die duur het hierdie opvatting ook die onderwys ingedring (Van Brummelen, 1986: 15-16). Een gevolg hiervan was die vermelde skeiding tussen kerk en skool (ook kerk en staat); 'n ander was die feit dat die openbare skool 'n algemeen-maatskaplike en vaag-Christelike karakter begin kry het (Vogelaar & Bregman, 1984: 39). Daar het 'n afkeer van leerstellige Godsdiensonderrig ingetree; nadruk is gelê op godsdiens bo kerklike verdeeldheid. Die natuurlike godsdiens was die grondslag van die openbare skool en die onderwys (Kuiper, 1904:34-35; Kuyper, 1870:10).

'n Voorstander van voorgaande denkpatroon was J.H. van der Palm (1763-1840), die eerste Nederlandse minister van onderwys. Hy volg John Locke se opvattinge na en is dus van mening dat die kind aanvanklik slegs moes weet van die bestaan van God en die onsterflikheid van die siel. Die kind moes God eers leer ken uit sy werke en dan sou hy 'n nuttige en gelukkige mens wees (Kuiper, 1904:29). Die "Wet op het Lager onderwijs" van 1801 moes dus lei tot die vorming van deugsame mense, nuttige lede van die samelewing, en alle leerstellige verskille moes uit die onderwys verwyder word (Kuiper, 1904:42).

Die Skoolwet van 1806, gepromulgeer deur sy opvolger Adriaan van den Ende, het mede onder sy invloed ontstaan aangesien Van den Ende 'n medewerker van

Van der Palm was. Albei van hulle het vasgehou aan die optimistiese verligtingsideale van hulle tyd (Bigot & Van Hees, 1963:219).

Teenoor hierdie Verligtingsdenke het onderwysdenkers soos Groen van Prinsterer en sy medestanders stelling ingeneem. Voordat hulle reaksie daarop bespreek word, moet enkele ander filosofiese/ideologiese strominge eers kortliks aangetoon word.

## 9. Die deïsme en die Romantisisme

Geen 19de-eeuse Nederlandse opvoedingsdenker in die besonder kan aan hierdie twee denkstrominge verbind word nie, hoewel onderwysmanne van die praktyk soos J.H. Nieuwold, H. Wester, Van Heijningen Bosch, P.J. Prinsen, B. Brugsma, en ander daardeur beïnvloed is (Bigot & Van Hees, 1963:220-225). Die deïsme en die Romantisisme het skering en inslag gevorm van die tydgees van die 19de eeu en het die denke oor die onderwys deurslaggewend bepaal. Vanweë die Verligtingsdenke het die mens homself vrygemaak van die Bybelse waarhede en norme en sy rede is beskou as die toetssteen van die waarheid. Die mens het outonoom geraak en die transendente dimensie het oorbodig geraak in die alledaagse lewe, ook in die onderwys. Hierdie dualisme, bekend as die deïsme, het wyd inslag gevind, ook in die denke van Christene (Smitskamp, s.a.:27-8). In die redelike Christendom van die deïsme is God en sy Woord, synde transendente groothede, in die denke en alledaagse lewe, ook in die onderwys, buite rekening gelaat (Schutte, 1977:52).

Ook die Romantisisme is 'n vorm van Verligtingsdenke (Goudzwaard, 1977:19-11). Volgens romantisistiese insigte kan 'n volk deur middel van die onderwys tot volslae verligting van die rede kom; kennis bring vryheid van onkunde, dit bevry die mens van kerklike en godsdienstige leerstellighede en vooroordele. Die onderwys moes uit die hande van die kerk geneem word en onder die toesig van die staat geplaas word – die staat wat die uitdrukking van die *rede*-like volkswil is. Die staat kon ware vryheid vir almal verseker. Die openbare skool is gesien as die ideale plek om sodanige vryheid te verwerklik.

Die romantisistiese mensbeskouing hang met hierdie staats- en onderwysbeskouing saam: die mens is nie van nature sondig nie, maar word boos en verkeerd gemaak deur die kultuur en samelewing. Die mens het die reg op volle vryheid, maar word oral aan bande gelê (Smitskamp, s.a.:29-31). Die romantisis verwerp gevolglik alle gesag, en strewe na volkome vryheid, gelykheid en broederskap. Op laasgenoemde leuse moet die nuwe maatskappy tot stand kom (Schutte, 1977: 53).

## 10. Die klassieke humanisme

Die Verligting en die rewolusionêre denke van die 19de eeu in Nederland vind 'n natuurlike bondgenoot in die steeds voortlewende 'klassieke humanisme'. Laasgenoemde dui op daardie mensgesentreerde, hoofsaaklik intellektualistiese denke wat teruggryp op die Renaissance en die filosofiese strominge van die antieke tye. Trouens, saam met die Christendom vorm dit een van die twee grondpilare van die Westerse denktradisie (Velema, 1987:210; Vogelaar & Bregman, 1984:35). Hoewel hulle mekaar deur die eeue aan(ge)vul en ondersteun (het), is daar 'n onoorbrugbare kloof tussen hulle, byvoorbeeld wat die mensvisie betref (Kalsbeek, 1977:168). Die reformatoriese denke oor die onderwys is byvoorbeeld nie bereid om die natuur van die kind as die uitgangspunt van die onderwys te neem nie – 'n denkrigting wat in teenstelling is met die klassieke humanistiese oorskatting van die intellektuele vermoë en gees van die mens (Vogelaar & Bregman, 1984:14-15). Desondanks het die klassieke humanisme onder die dekmantel van die Christendom die onderwys binnegesluip (Van der Graaf, 1981: 39). Hierdie binnesluiping het soos volg plaasgevind: die onderwys moes 'n vormingsdoel hê, dit wil sê leerlinge moes ook kennis maak met die kultuurskatte van die oudheid. Die leerinhoud self was nie belangrik nie, maar die leerling wat ten volle moes ontplooi (Bregman, 1981:79). Op hierdie manier het die klassiekhumanistiese leerinhoude en onderwysdoelstellinge ook die Christelike onderwys binnegesypel.

Groen van Prinsterer (1868:152) het ook die klassieke humanisme aangewys as een van die oorsake van die 19de-eeuse sekularisme in Nederland. "Wij hebben ... gezien, dat de oppermacht der Rede uitloop op ongodisterij. Er is geen rustpunt, zolang zij niet den afgrond bereikt."

## 11. Neo-Calvinistiese verset

Teen die tydgees van die 19de eeu, hierbo beskryf onder die opskrifte "rewolusionêre denke", "Verligtingsdenke", "deïsme" en "Romantisisme", "klassiek-humanistiese denke", kom die vroeë Neo-Calvinis Groen van Prinsterer en sy geesgenote in opstand. Eersgenoemde wanhoop oor die algemeen oor "den toestand van Europa" (Groen van Prinsterer, 1855:114).

A. Kuyper laat hom soos volg teenoor hierdie wydverbreide gees van die tyd uit:

> ... hoe droevig ... het zedelijk verval van ons volksleven ... een dieper wegzinken in den afgrond van den geestelijken dood. (...) Nu is het vernietigen van wat het rationalisme nog liet, een werpen van ons volk in de armen van het materialisme (Kuyper, 1870:16-17).

## 12. Sosialistiese tendense

Groen van Prinsterer se geestelike opvolger, die man op wie sy mantel val om die stryd vir die vrye Christelike skool voort te sit, Abraham Kuyper, kry aan die einde van die 19de eeu te doen met die opkomende sosialistiese denke. Na 1870 het Nederland vinnig begin moderniseer, en die vervaardigingsbedryf laat nuwe sosiale en geestelike verhoudinge op die voorgrond tree. Die opkomende arbeidersbeweging en sosialistiese tendense raak kenmerkend van die tyd. Vanweë die opkoms van die industrie en die nadruk op arbeid het 'n sosialistiese visie op die maatskappy, die owerheid, die skole en die onderwys ingetree (Schutte, 1977: 117; Golverdingen, 1987:85).

Hierdie nuwe denkrigting in die Nederlandse samelewing het meegebring dat daar aangedring is dat die owerheid in die onderwys en die samelewing moes ingryp (Vogelaar & Bregman, 1984:17-8). Die stande- en klassemaatskappy moes verander word in 'n hoër sosiale eenheid (Vogelaar & Bregman, 1984:18). Die sosialiste dring met verloop van tyd aan op onderwys wat ywer vir die belange van die arbeiders (De Jong, 1989). Die skool moet volgens hulle ook gerig word op die omverwerping van die kapitalistiese *status quo* (Vogelaar & Bregman, 1984: 64).

Velema (1987:211) wys daarop dat dit Marx is wat finaal afreken met die Godsidee, selfs die oppervlakkige Godsidee van die Verligting. Die Marxisme maak sodoende 'n belangrike bydrae tot die sekularisme in Nederland, reeds in die 19de eeu. Kalsbeek (1977:19) wys op sy beurt op die bydrae van Feuerbach wat die sekularisme bevorder deur die volslae vernietiging van die geloof in God.

Kuyper (1880:11) reageer soos volg op die sosialistiese tendense van sy tyd: "Tevredenheid der burgerij is de tegenpool van het communisme en socialisme ...". Die Christendom hou vas "aan de erkenning dat er een eindelooze verscheidenheid van levenstoestanden en levensverhoudingen bestaat", en dat "we, enerzijds wel voelen den drang die naar 'gelijk-op-deelen' toe wil, maar ook anderzijds dezen drang onderdrukken ... door het besef, dat de beslissing over de positie, waarin we geboren zouden worden, niet aan ons stond, maar aan een macht buiten ons".

## 13. Bespreking en gevolgtrekking

Dit is uit die voorgaande beskrywing van die onderskeie filosofiese/ideologiese standpunte en beskouinge duidelik dat die stryd om die bestaansreg van die vrye besondere (w.o. Christelike) skool in die 19de-eeuse Nederland in 'n ingewikkelde kragveld afgespeel het. Dit is ook duidelik dat daar in wese twee opponerende kragte in die tydperk was wat die verloop van die stryd bepaal het.

Enersyds was daar diegene wat in die skoolstryd langs Christelik-reformatoriese (Neo-Calvinistiese) lyne probeer dink het en hulle op die beginsel gestel het dat geen duimbreedte van die skepping aan die sekularisme prysgegee mag word nie. Op die basis van hierdie vertrekpunt is daar byvoorbeeld deur Groen van Prinsterer, in sy aanvanklike denke, aangedring op die Christelike openbare skool.

Die Christelik-reformatoriese denke was egter nie monolities-homogeen nie. Selfs 'n medestander van Groen van Prinsterer soos J.J.L. van der Brugghen het hom gestel op die eties-ireniese standpunt binne die Réveil – 'n standpunt wat hy met Groen van Prinsterer gedeel het. Die gevolg hiervan was dat hy weinig waarde geheg het aan strukture soos Christelike skole, en die nadruk eerder wou plaas op die oortuiging en bewoëndheid van die Christelike individu in die onderwys. Hierdie beskouing het gelei tot 'n skeiding van weë tussen hom en Groen van Prinsterer.

Teenoor diegene wat hulle gestel het op die Christelik-reformatoriese standpunt, was daar ander wat, hoewel hulle nog Christelike waardes probeer uitleef het, sekere toegewings aan die tydgees gemaak het. Hierdie tydgees, wat hierbo getipeer is as Verligtingsdenke, die rewolusionêre denke, die romantisisme, die klassieke humanisme, en sosialistiese tendense teen die einde van die eeu, het ook die denke van Christene oor die skool en die onderwys binnegedring. Die Modernisme en die deïsme is slegs twee voorbeelde hiervan. Die tydgees van die 19de eeu lei tot die sekularisering van die staat en die samelewing, en in die proses ook tot dié van die openbare skool. Die norm vir die waarheid en gedrag is in die rede van die gesekulariseerde mens gesoek, en dit het gelei tot 'n oppervlakkige opvatting van Christelike moraliteit in die openbare of staatskool. Hierdie neiging lei daartoe dat die openbare skool slegs godsdiensonderrig bo dogmatiese verdeeldheid kon aanbied en die leerlinge tot blote Christelike en maatskaplike deugde moes opvoed.

Die openbare skool ontwikkel onder die invloed van hierdie strominge tot 'n instansie wat algemeen Christelik is. Hierteen verset Neo-Calvinistiese onderwysdenkers soos Groen van Prinsterer en Abraham Kuyper hulle. Hulle verset hulle ook met alle mag teen die sekularistiese tydgees, maar na 1858 word dit duidelik dat hulle die stryd verloor het. Die stryd om die behoud van die Christelike openbare skool is verloor vanweë die verwêreldlikende mag en werking van hierdie kragte. Toe dit gebeur, verander die teenstanders van hierdie sekulariserende magte hulle strategie, en pleit dat die openbare skool volledig aan die sekularisme uitgelewer moes word. Met hierdie stap, het hulle gehoop, sou Christene besef dat die openbare skool nie aan hulle verwagtinge voldoen nie, en sou hulle 'n ander heenkome vir hulle kinders soek. Tegelyk is daar geywer vir die vryheid van bestaan van die Christelike besondere skool, verkieslik met finansiële onder-

steuning deur die regering, om te dien as alternatiewe heenkome vir ouers wat hulle kinders uit die ongewenste sekularistiese openbare skole wou neem.

Die stryd om die vrye skool met volledige finansiële gelykberegtiging deur die staat sou tot in 1920 duur alvorens dit gewen is.

Daar kan in die lig van die voorafgaande tot die algemene gevolgtrekking gekom word dat die skoolstryd veral deur filosofiese/ideologiese kragte bepaal en genuanseer is, dat hulle in 'n duidelik herkenbare formasie teenoor mekaar opgestel was, en dat hulle 'n kragveld veroorsaak het wat die verloop van die skoolstryd bepaal het. Met hierdie gevolgtrekking kan die navorsingshipotese wat in die inleiding gestel is, aanvaar word.

Die aanvaarding van hierdie hipotese het betekenis vir die onderwys tans in Suid-Afrika. Ruimte ontbreek om die saak volledig te beredeneer, maar die volgende insigte vir die hantering van die onderwys in Suid-Afrika kan uit die voorafgaande beskrywing van die 19de-eeuse onderwys in Nederland na vore gebring word. Ten eerste blyk dit dat die stryd om die Christelike skool en onderwys altyd filosofies/ideologies bepaald is, en dit geld ook vir die toekomstige Suid-Afrika. Die stryd om die Christelike skool in die toekoms in Suid-Afrika sal ook in 'n filosofies/ideologiese kragveld afspeel, wat bestaan uit enersyds die reformatoriese (en ander Christelike), en andersyds sekularistiese, sosialistiese, liberalistiese en ander standpunte en beskouinge. Die lewensbeskoulike beslag wat op die duur aan die openbare (en ander) skole in Suid-Afrika gegee word, sal grootliks afhang van die dinamiese spel van hierdie kragte in die toekoms.

## Bibliografie

BIGOT, L.C.T. & VAN HEES, G. 1963. Verleden en heden. Groningen : J.B. Wolters.

BLAAUWENDRAAT, E. 1987. Waarderen in de basisschool. (*In* Bregman, C. & Kole, I.A. Visier op het onderwijs. Contouren van de reformatorische school nader ingevuld. Kampen : Kok. p. 128-140.)

BOTHA, M.E. 1987. Neo-Calvinistiese wetenskapsbeskouing. (*In* Snyman, J.J. & Du Plessis, P.G.W. *reds.* Wetenskapsbeelde in die geesteswetenskappe. RGN-studies in navorsingsmetodologie. RGN. p. 135-154.)

BREGMAN, C. 1981. Wat willen we met ons onderwijs? (*In* Bregman, C. & Kole, I.A. Visie op het onderwijs. Contouren van een gereformeerde beschouing van de school. Kampen : Kok. p. 10-15.)

COLYN, H. s.a. Inleiding. (*In* Du Toit, S. s.a. Teen die revolusie die Evangelie. (Die betekenis van Groen van Prinsterer vir ons tyd.) Bloemfontein : SACUM. p. 9-12.)

D'ASSONVILLE, V. 1986. Doleansie '86-verset teen die Modernisme. (*In* Van der Walt, B.J. *red.* Die Doleansie 1886-1986. Herdenking van 'n hervorming uit die negentiende eeu. Potchefstroom : IRS. p. 11-17.)

DE JONG, K. Ozn. 1989. De protestanten en het onderwijs. (*In* De Bruijn, J. *red.* Bepaald gebied. Aspekten van het protestants-christelijk leven in Nederland in de jaren 1880-1940. Baarn : Ten Haven. p. 166-188.)

GILHUIS, T.M. 1975. Memorietafel van het Christelijk onderwijs. Kampen : Kok.

GILHUIS, T.M. 1976. Doen en (of) laten. (*In* Gilhuis, T.M., Duchinger, G., Algra, H. & Van der Hoeven, A. Krijgsknechten van zoodanigen veldheer. Kampen : Kok. p. 7-29.)

GOLVERDINGEN, M. 1987. Enige notities bij Gereformeerde Schoolbegeleiding. (*In* Bregman, C. & Kole, I.A. Visie op het onderwijs. Contouren van de reformatorische school nader ingevuld. Kampen : Kok. p. 142-153.)

GOUDZWAARD, B. 1977. Vrijheid van onderwijs. (*In* Bikker, P.H. & Van der Wilde, C.C.A. De school aan het werk. Kampen : Kok. p. 9-16.)

GROEN VAN PRINSTERER, G. 1855. Narede van vijfjarige strijd. Utrecht : Keminck & Zoon.

GROEN VAN PRINSTERER, G. 1856. De Tweede Kamer en de verzoekschriften of de beraadslaging van 28 April 1856 met bijlagen en aanteekeningen. Utrecht : Keminck & Zoon.

GROEN VAN PRINSTERER, G. 1857. Antwoord aan Jhr. Mr. J. de Bosch Kemper. 's Gravenhage : De Gebroeders van Cleef.

GROEN VAN PRINSTERER, G. 1867. Wat dunkt u van het voorstel de Brauw? Amsterdam : Höveker.

GROEN VAN PRINSTERER, G. 1868. Ongeloof en revolutie. Franeker : Wever.

KALSBEEK, L. 1963. Theologische en wijsgerige achtergronden van de verhouding van kerk, staat en school in Nederland. Kampen : Kok.

KALSBEEK, L. 1977. Een school met of zonder Bijbel? Kampen : Kok.

KUIPER, J. 1904. Geschiedenis van het lager onderwijs in Nederland (16 n.C. – 1904). 2de hersiene druk. Groningen : Wolters.

KUYPER, A. 1870. De leer der onsterflikheid en de staatsschool. Amsterdam : H. de Hoogh & Co.

KUYPER, A. 1880. Antirevolutionair óók in uw huisgezin. Amsterdam : Kruyt.

KUYPER, A. 1898. Calvinism – Six Stone-lectures. Michigan : Eerdmans Publishing Company.

KUYPER, A. 1909. Wij, Calvinisten ... Openingswoord der deputaten-vergadering van 22 april 1909. Kampen : Kok.

LANGLEY, M.R. 1989. Guillaume Groen van Prinsterer (1801-1876). Potchefstroom : IRS. Reeks F2 (nr. 47).

SCHUTTE, G.J. 1977. Mr. G. Groen van Prinsterer. Goes : Oosterbaan en Le Cointre.

SCHUTTE, G.J. 1989. Internationale contacten. (*In* De Bruin, J. *red.* Bepaald gebied. Aspekten van het protestants-christelijk leven in Nederland in de jaren 1880-1940. Baarn : Ten Haven. p. 11-41.)

SMIT, E.J. 1986. Die Doleansie en die manne van die Doleansie geweeg. (*In* Van der Walt, B.J. *red.* Die Doleansie 1886-1986. Herdenking van 'n hervorming uit die negentiende eeu. Potchefstroom : IRS. p. 40.)

SMITSKAMP, H. s.a. Teen die ongeloof die revolusie. (*In* Du Toit, S. s.a. Teen die revolusie die evangelie (Die betekenis van Groen van Prinsterer vir ons tyd.) Bloemfontein : SACUM. p. 13-90.)

VAN BRUMMELEN, H.W. 1986. Telling the Next Generation. Lanham : University Press of America.

VAN DER GRAAF, I.J. 1981. De crisis in het christelijk onderwijs. (*In* Bregman, C. & Kole, I.A. Visie op het onderwijs. Contouren van een gereformeerde beschouwing van de school. Kampen: Kok. p. 39-45.)

VAN DER ZWAAG, W. 1981. De reformatorische school: geen "school zonder clepel". (*In* Bregman, C. & Kole, I.A. Visie op het onderwijs. Contouren van een gereformeerde beschouing van de school. Kampen : Kok. p. 23-27.)

VELEMA, H.W. 1987. De grens van burgerlijke gehoorzaamheid voor leden van bestuur en personeel. (*In* Bregman, C. & Kole, I.A. Visie op het onderwijs. Contouren van de reformatorische school nader ingevuld. Kampen : Kok. p. 210-223.)

VOGELAAR, D. & BREGMAN, C. 1984. School, maatschappij en cultuur in Bijbels licht. Hendrik Ido Ambacht : Begeleidingscentrum Gereformeerd Schoolonderwijs.

WOUTERS, D. & VISSER, W.J. 1926. Geschiedenis van de opvoeding en onderwijs vooral in Nederland. Groningen : Noordhof.